

Staan vas in die waarheid en laat hoor jou profetiese stem!

Wanneer Petrus oor dwaalleraars en valse profete praat, draai hy geen doekies om nie! Die mense is besig om onberekenbare skade in God se kerk en Koninkryk aan te rig. Aan-gevuur deur hulle gierigheid, is hulle oogmerk om die kinders van die Here uit te buit.

Die apostel vergelyk hierdie dwaalleraars met die gevalle engele wat teen God gere-belleer en uit die hemel gewerp is met die mense wat met Noag die spot gedryf het toe hy die ark gebou het, en met die inwoners van Sodom en Gomorra wat God deur die uitleef van hulle eie drange verag het. Sulke vals leraars sal enigiets doen en sê om munt te slaan uit God se kerk, maar die Here hou reeds vir hulle 'n plek gereed in die ewige ver-doemenis.

Dwaalleraars versteur die vrede en goeie orde in die kerk, verag Christus se gesag en sy Woord en plaas hoër waarde op hulle eie “profesieë”. Hulle verlei ander met hulle vals-hede, skep verwarring en twyfel en verlei mense tot onsedelikheid en ander wanpraktyke. Om dié redes, en nog vele meer, verwys Petrus na hulle as “*verstandlose, wilde diere wat voortgebring word om gevang en doodgemaak te word*” (:12).

Ook ons leef in 'n goddelose tyd waarin daar daaglik stemme opklink wat nie die sui-were evangelie laat hoor nie. In die sosiale media word ons gebombardeer met getuie-nisse van wondergenesings, demoniese bindings, gesigte en drome, hemelse profesieë en wonderwerke.

Wat moet ons as gereformeerde lidmate hiermee maak? Ons het die roeping om vas te staan in die waarheid en te bly by dit wat God ons leer. As ons nie geanker is in die sui-were evangelie nie, as ons nie gedurig bid om die leiding en krag van die Heilige Gees nie, sal ons soos die branders van die see heen en weer gedryf word.

Bid daarom gedurig dat die Here jou die wysheid, onderskeidingsvermoë en liefde sal skenk om toe te neem in die fyn aanvoeling vir die waarheid en God se wil.

Sing: Skrifberyming 15-5:5, 7

Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)